

Toelatingsvereistes en Keuringsriglyne vir voorgraadse programme Fakulteit AgriWetenskappe 2026 inname

DOEL

Hierdie dokument bevat die riglyne wat gevolg word in die aansoek-, keurings-, en toelatingsprosedures vir voorgraadse programme wat deur die Fakulteit AgriWetenskappe aangebied word. Die keurings- en toelatingsproses geskied ooreenkomstig met die Toelatingsbeleid van die Universiteit Stellenbosch (US).

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE

Aansoeke sluit 31 Julie 2025 vir die 2026 akademiese jaar.

RESULTATE WAT GEBRUIK WORD

Huidige Graad 12 aansoekers

In die geval van voornemende studente wie nog op skool is, sal die finale Graad 11 uitslae gebruik word om te bepaal of aansoekers kwalifiseer vir 'n aanbod van die Fakulteit AgriWetenskappe. Hierdie aanbod is voorwaardelik en onderhewig daaraan dat die aansoeker ook aan die minimum vereistes met sy/haar Graad 12-uitslae voldoen. Indien 'n aansoeker die aanbod aanvaar en wel met sy/haar Graad 12-uitslae aan die vereistes voldoen, sal die voorwaardelike aanvaarding omgeskakel word na finale aanvaarding. Indien 'n aansoeker se Graad 12-uitslae nie aan die minimum vereistes voldoen nie, kan die aansoeker versoek om oorweeg te word vir 'n Verlengde Kurrikulum program (VKP).

Aansoekers wie reeds matrikuleer het

Indien voornemende studente aansoek doen en reeds hul Graad 12 jaar voltooi het, word hul Graad 12-uitslae gebruik om te bepaal of aansoekers kwalifiseer vir 'n aanbod. Indien 'n aansoeker gekeur word en die aanbod van die Fakulteit aanvaar, sal finale toelating aan die aansoeker verleen word.

ANDER SKOOLSTELSELS

School of Tomorrow aansoekers: Toelating aan voornemende studente wat vanuit die School of Tomorrow skoolstelsel kom, sal oorweeg word op grond van die uitslae in die Nasionale Normtoetse (NNT's):

- Akademiese Geletterdheid (AL) - 55%
- Kwantitatiewe Geletterdheid (QL) - 55%
- Wiskunde (MAT) - 50%

Internasionale kwalifikasies: Voornemende studente wie met internasionale skoolkwalifikasies aansoek doen, se Wiskunde-, Chemie- en Fisika punte moet vergelykbaar wees met die vereiste NSS (Graad 12) standaard. Wiskunde, Chemie en Fisika op IGCSE/GCSE/NSSC OL/O-vlak, kwalifiseer nie vir toelating nie. Alle navrae rakende Internasionale kwalifikasies moet gerig word aan die US Internasionale Kantoor (Tel 0218082565, E-mail interoff@sun.ac.za).

NASIONALE NORMTOETSE (NNT's): Dit is verpligtend vir aansoekers vanuit die School of Tomorrow skoolstelsel om die NNTs te skryf. Alle ander aansoekers hoef nie die NNT's te skryf nie.

MINIMUM TOELATINGSVEREISTES VIR HOOFSTROOMPROGRAMME

Vir hoofstroom programme moet aansoekers aan die volgende vereistes voldoen om oorweeg te word vir keuring:

Basiese minimum vereistes vir toelating tot universiteitstudies:

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of Onafhanklike Eksamineringsraad (IEB) skoleindsertifikaat, soos gesertifiseer deur Umalusi met toelating tot baccalaureusgraadstudie.
- 'n Universiteitsvrystellingsertifikaat uitgereik deur die Suid Afrikaanse Matrikulasieraad vir studente wat ander skoolkwalifikasies behaal.
- Die minimum akademiese vereiste vir 'n baccalaureusgraad is:
 - 30% vir 'n Suid-Afrikaanse taal van leer en onderrig (Engels of Afrikaans) en
 - 'n prestasievlak van 4 (50% - 59%) in vier 20-kredietvakke
- Skryf die Nasionale Normtoetse (NNT's) – slegs School of Tomorrow aansoekers

Fakulteitspesifieke vereistes:

- 'n Gemiddeld van ten minste 60% in die NSS, IEB of ekwivalente skool eksamen.
Die gemiddeld word bereken deur die hoogste punt in Suid-Afrikaanse taal van leer en onderrig (Afrikaans of Engels) + (5 x beste resultate in 20-krediet vakke uitgesluit Lewensoriëntering en Wiskunde 3). Hierdie totaal word dan deur 6 gedeel en is jou NSS gemiddeld.
- Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 4 (50%)
- Wiskunde 5 (60%)
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 4 (50%)

Benewens die fakulteitspesifieke vereistes, vereis toelating tot die program **BScBosb (Hout- en Houtprodukkunde)** ook:

- Wiskunde 6 (70%)
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 5 (60%)

Vir die **BAgric** program soos aangebied deur Elsenburg Landbou Opleidingsinstituut moet aansoekers aan die volgende vereistes voldoen om oorweeg te word vir keuring:

- 'n Gemiddeld van ten minste 55% in die NSS, IEB of ekwivalente skool eksamen.
Die gemiddeld word bereken deur die hoogste punt in Suid-Afrikaanse taal van leer en onderrig (Afrikaans of Engels) + (5 x beste resultate in 20-krediet vakke uitgesluit Lewensoriëntering en Wiskunde 3). Hierdie totaal word dan deur 6 gedeel en is jou NSS gemiddeld.
- Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisioele Taal) 4 (50%)
- Wiskunde 4 (50%) OF Wiskundige Geletterdheid 5 (60%)
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 4 (50%) OF
- Lewenswetenskappe 4 (50%) OF
- Landbouwetenskappe 4 (50%)

Neem kennis: Elsenburg Landbou Opleidingsinstituut hanteer die keuring vir die BAgric graadprogram en kommunikeer direk met kandidate.

MINIMUM TOELATINGSVEREISTES VIR 'N VERLENGDE KURRIKULUM PROGRAM (VKP)

Enige aansoeker wie voorwaardelik tot 'n hoofstroomprogram toegelaat is, mag nadat die finale Graad 12-eksamenuitslae bekendgemaak is, versoek om oorweeg te word vir 'n VKP.

Aansoekers kan op grond van sy/haar skoolprestasie deur die Fakulteit aanbeveel of verplig word om 'n betrokke VKP te volg. 'n Maksimum van 50 studente word per jaar toegelaat vir die VGP programme. Voorkeur word gegee aan studente uit benadeelde sosio-ekonomiese en onderwys benadeelde omgewings.

Voornemende studente aan wie 'n voorwaardelik aanbod vir toelating tot 'n hoofstroomprogram op grond van Graad 11-punte gemaak is, maar nie op grond van sy/haar finale Graad 12-punte voldoen aan die programvereistes nie, kan versoek om oorweeg te word vir 'n VKP program indien die aansoeker aan een van die volgende kategorië se vereistes voldoen:

	VKP in die programme wat lei tot: BScAgric BScBosb BSc Bewaringsekologie BAgric (Agri-besigheidsbestuur):	VKP BScBosb (Hout- en Houtprodukkunde)
KATEGORIE 1	Gemiddeld $\geq 55\%$ (Lewensoriëntering uitgesluit)	Gemiddeld $\geq 55\%$ (Lewensoriëntering uitgesluit)
	Voldoen aan AL die ander toelatingsvereistes	Voldoen aan AL die ander toelatingsvereistes
KATEGORIE 2	Wiskunde 4 (55% - 59.9%)	Wiskunde 5 (60% - 69.9%)
	Voldoen aan AL die ander toelatingsvereistes	Voldoen aan AL die ander toelatingsvereistes
KATEGORIE 3	Fisiese Wetenskappe 3 (45% - 49.9%)	Fisiese Wetenskappe 4 (55% - 59.9%)
	Voldoen aan AL die ander toelatingsvereistes	Voldoen aan AL die ander toelatingsvereistes

DIE KEURINGSPROSES

Die Fakulteit het 'n inskrywingsteiken van 450 nuweling eerstejaars vir die 2026 akademiese jaar. Daar is nie vasgestelde teikens per program nie, maar die inname van studente oor die 7 breë programme, soos aangebied in die Fakulteit word omsigtig bestuur.

	Maksimum aantal aanbiedinge (oorbespreking getalle ingesluit)	Finale aantal registrasies
Bewaringsekologie	55	45
Bosbou en Houtwetenskappe	45	30
Landbou Ekonomie	75	50
Plant & Grondkunde	75	60
Veekunde	55	45
Voedselwetenskap	55	50
Wingerd- en Wynkunde	50	40
Verlengde Graadprogram	50	50
BAgric (Eisenburg program)	80	80

Die beginsel van oorbespreking word toegepas om te kompenseer vir kandidate wat voorwaardelik toegelaat is, maar nie hulle studieplekke inneem en as studente registreer nie. Die oorbesprekingskoers word jaarliks hersien en aangepas by veranderende aansoek- en registrasietendense.

Keuring geskied suiwer op grond van akademiese meriete. Keuring is nie gewaarborg nie, selfs al voldoen kandidate aan die minimum toelatingsvereistes.

5. Keuringskomitee

Keuring word deur 'n keuringskomitee, soos saamgestel deur die dekaan van die fakulteit, gedoen. Alle besluite rakende keuring word deur die dekaan bekragtig voordat dit aan kandidate gekommunikeer word en is dus 'n finale besluit. Alle navrae rakende die keuringsproses en uitkomst daarvan word deur die Fakulteitsadministrateur, mnr Erik van Zyl (erik@sun.ac.za) hanteer.